

UITSENDINGS OM KYKERS TE ONDERSTEUN

“Ons doen ons uiterste bes om te verseker dat ons regstreekse uitsendings voortgaan en ons Berading-spanne steeds op kykers se versoeke reageer. SAT-7 se bediening gaan voort,” verseker Rita El-Mounayer, SAT-7 Hoof Uitvoerende Beampte.

“Al ons kanale werk met minder personeel as gevolg van die huidige situasie. Maar in stede daarvan om slegs vooraf opgeneemde programme te gebruik, is ons vervaardigers, aanbieders en spanlede egter toegewyd om soveel regstreekse uitsendings moontlik uit te saai,” vertel George Makeen van SAT-7 ARABIES.

’n Spesiale regstreekse uitsending is op Vrydag 20 Maart uitgesaai as bemoediging en vir gebedsondersteuning. Kykers het geleentheid gehad om in te bel en te deel hoe die huidige situasie hulle en hul families raak.

“Die getal gevalle het na reeds meer as 27,000 gestyg met ’n sterftesyfer van meer as 2,000 en streng inperking geld in Iran. Daarom is ons programme nou soveel te meer ’n belangrike reddingsboei vir baie mense. Ons gereelde kykers maak daarop staat dat hulle ons kan kontak en aktief deelneem aan ons programme,” vertel Keenan, Direkteur van SAT-7 PARS.

Na die aankondiging van die eerste koronavirus geval in Turkye, het SAT-7 TÜRK sy kykers bemoedig en getuig van God se vrede midde die vrees en paniek wat deur die nuusberigte en sosiale media aangewakker word. “Ons vervul ’n unieke rol deur ons kykers op hoogte te hou en ook geestelik te versterk om die situasie te kan hanteer,” sê Ekener, Direkteur van SAT-7 TÜRK.

Kerke wat gewoonlik oop is in die streek, is nou almal gesluit ten einde die verspreiding van die virus te beperk. Die gewone Sondag erediens uitsending vanaf die Opstandings Kerk in Beirut gaan voort, terwyl die gemeente en kykers die diens tuis gevolg het deur SAT-7.

“Ons reaksie op hierdie krisis is om te verseker dat regstreekse uitsendings steeds voortgaan ten einde ons kykers te ondersteun wat bemoediging en gebed nodiger het as ooit vantevore,” vertel Rita El-Mounayer.

• **Laat ons verenig in gebed vir ’n lydende wêreld.**



Gebeds † Nuus



Maart 2020

Terwyl die wêreldwye pandemie die Persiese Nuwejaar vierings demp, ondersteun en moedig SAT-7 PARS sy kykers aan om steeds met verwagting na ’n ‘Nuwe Môre’ uit te sien.

MAAK
HOOP
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 242
Carnarvon NC 8925
southafrica@sat7.org
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2020 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

SAT-7 KIDS IS UITREDDING VIR KINDERS TYDENS DIE INPERKING

“Ons gaan voort met ons regstreekste uitsendings ten einde ons kykers te bemoedig en saam met hulle te bid in hierdie moeilike tyd wat ons beleef,” vertel Juliana Sfeir van SAT-7 se AKADEMIE Department.

“Ek wil vir almal oor die hele wêreld sê om nie bang te wees vir die virus nie, want God is met ons en Hy beskerm ons,” getuig Emmy, (10 jaar) van Kairo, gedurende een van SAT-7 KIDS se regstreekse uitsendings.

Gedurende ’n episode van *Familie van Jesus*, een van die SAT-7 kinderprogramme wat voortgaan om regstreeks uit te saai, het die aanbieders kykers aangemoedig om draers van vrede in hierdie onseker tyd te wees.

“In hierdie tyd van vrees is almal bang vir baie dinge,” sê Chris, een van die aanbieders. “Maar ons wil almal bemoedig: Moenie bang wees nie. Julle het nou die kans om deel te word van Jesus se familie. Baie dinge rondom ons wat stabiel was, is nou omvergegooi. Daar is baie gevare, maar daar is een waarheid wat nie verander nie. En dit is dat die familie van Jesus vrede en hoop in Hom ervaar.”

Verskeie kinders het ingebel om te bid en mekaar te bemoedig. Aanbieder Mina Awny het ook praktiese raad gegee om die verspreiding van die virus te voorkom, insluitende ’n demonstrasie hoe om deeglik hande te was.

Die regstreekse kinderprogramme, *Chato* en *Familie van Jesus* gaan voort met uitsendings vanuit die SAT-7 Egipte ateljee. Albei programme wel sonder die kinderaanbieders wat gewoonlik daarin optree. Die program *Bybelse Helde* wat vanaf die Libanon ateljee uitgesaai word, gaan ook voort ten spyte van die inperking. Hierdie programme bied aan kinders ’n belangrike bron van bemoediging en geestelike leiding, veral in hierdie tyd.

Sandra, een van die aanbieders, het die kykers gelei in gebed. Mag dit ook ons gebed wees:

• “Here, ons dank U dat U altyd by ons is. Ons bid vir hulle wat in pyn is en vra U genesing en beskerming vir elkeen en ook vir ons. Ons bid dat U dit was sleg is, sal verander in goed. Ek bid dat U Woord in hierdie dae baie harte sal aanraak en verander.”



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers:

KYKER IN AFGHANISTAN

“My navorsing wys dit is nadelig vir ’n godsdiens wat moord goedkeur. Ek wil Christus, met volle vertroue in Hom, volg. Bid dat ek ’n Christen kan ontmoet.”

KYKER IN IRAN

“My man is ’n goeie mens, toegewyd in sy godsdiens. Ek het pas my hart vir die Here gegee. Dit is ’n nuwe geestelike lewe vir my. Bid vir my vir leiding hoe om in my huwelik te getuig.”

KYKER IN JORDANIË

“Hier is geen Christene in my omgewing nie. Bid dat ek ’n Christen vrou sal ontmoet en liefkry.”

KYKER IN TUNISIË

“Vir twee jaar volg ek die program *Bevryde Siele* waar mense vertel van hul belewing met ’n God wat ek nie ken nie. Nadat ek die program vandag gekyk het, het ek my lewe aan God gegee. Ek dank Hom vir hierdie program.”

Gebed van Geopende Deure

- Bid vir God se vrede midde die paniek en vrees wat tans heers en dat Sy kinders daaraan herinner sal word dat ons ’n ander identiteit in Hom het—een van onverskrokkenheid en nie vrees nie. Bid dat die Kerk Sy Lig en Vrede sal uitstraal midde die verwarring en donkerte.
- Bid dat ons omgee-mense sal wees wat doelbewus na ander rondom ons uitreik. Bid dat ons die nood van ons familie in Jesus oor die wêreld sal raaksien waar hulle dikwels gesondheidsdienste ontsê word omdat hulle volgelinge van Jesus is.
- Bid vir die wêreldleiers waar hulle besluite in samewerking met gesondheidsorganisasies en die mediese gemeenskap neem. Bid dat hulle besluite in ooreenstemming met God se wil sal wees.
- Bid vir kerkleiers waar hulle geestelike leiding neem in hul gemeentes en gemeenskap. Bid vir wysheid en bid dat God hulle geleenthede gee om draers van Sy genade, hoop en vrede te wees.
- Bid vir die families van die meer as 70,000 (6 April 2020) wat weens die koronavirus gesterf het. Bid vir hulle wat kritiek is. Vra God om die treurendes te vertrou en die wat siek is fisies en emosioneel te versterk.
- Bid vir diegene wat finansiële probleme ondervind weens die huidige krisis. Bid dat die kerk maniere sal vind om sukkelende families te help en so Jesus se liefde uitleef.
- Bid dat God se kinders as een Kerk verenig en dat ons na die lewens en geloof van ons vervolgte broers en susters sal kyk as voorbeeld hoe om op te tree midde vrees vir die onbekende.
- Bid dat ons, as kinders van God, met hoop sal lewe in die wete dat ons Verlosser reeds die wêreld oorwin het. Bid dat ons sal lewe uit Sy Woord en beloftes.

Bron: *Morne Ras Geopende Deure SA* <https://www.opendoorsusa.org/christian-persecution/stories/ease-coronavirus-fears-7-lessons-from-persecuted-christians/>



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers:

KYKER IN IN NOORD-AFRIKA

“Ek is alleen met geen kerk of ander Christene in die omgewing nie. Ek het van Christus geleer op julle kanaal. Bid dat ek ’n Bybel sal kan kry.”

KYKER IN LIBANON

“Ons het baie kinders hier wat geweld gesien en beleef het en ’n pa verloor het. Bid dat daar op ’n manier in hul daaglikse behoeftes voorsien sal word. Bid dat hulle ons hemelse Vader sal leer ken.”

KYKER IN EGIPTE

“Bid vir my en my suster dat ons die Here sal ontmoet en Sy stem hoor. Ons wil die God van Vrede leer ken en Hom aanbid.”

KYKER IN TURKYE

“Ek kom uit ’n familie wat teen die Christelike geloof gekant is, maar iets in my trek my na Jesus. Ek is bang vir druk van ander rondom my as ek Hom wil volg. Bid dat ek sal weet wat om te doen.”